**Hoofkantoor:  
BENZAL-GEBOU 403-407  
BARRACKSTRAAT 3  
KAAPSTAD**

**Posbus 10005  
Telefoon 41-2362**

**Nasionale Direkteur  
MNR. R. GRASER**

**Assistent Nasionale Direktrise  
DR. TH. TOUSSAINT VAN HOVE**

**Nasionale Supervisor  
MNR. A. DU PLOOY**

## JAARVERSLAG vir die tydperk 1 April 1976 – 31 Maart 1977

### misdaadvoorkoming

In ons jongste jaarverslag het ons daarop gewys dat misdaad die belastingbetalers in Suid-Afrika 'n geweldige bedrag geld kos. Ons het ook daarop gewys dat die totale begroting van die drie staatsdepartemente wat met misdaad en misdadigers te doen het **R276 854 000** gedurende 1976 beloop het. Vir die huidige jaar het die bedrag tot **R320 640 000** gestyg, d.w.s. met 16%. Die vergelykende begrotings vir 1977 is soos volg, met die persentasietoename bo dié van die vorige jaar in hakies aangedui: Die Suid-Afrikaanse Polisie R204 000 000 (19,2%), die Departement van Gevangenis R71 940 000 (19,3%), en die Departement van Justisie R44 700 000 (20%).

Daar is geen twyfel dat daar gedurende die afgelope jaar ook 'n onrusbarende toename in misdade was nie — veral in gewelddadige misdade. Daar is, bv., aangemeld dat **10 513** persone as gevolg van kriminelle geweld (strafbare manslag en moord) gesterf het, en **135 705** gevalle van ernstige aanranding en **38 981** roofaanvalle is gedurende die afgelope statistiese jaar by die polisie aangemeld.

NIMRO het verskeie stappe geneem en 'n aantal daadwerklike pogings aangewend om misdaad te voorkom. Onder andere is voortgegaan met die verspreiding van die Instituut se misdaadvoorkomingsgids aan die publiek, pamflette is versprei, sowel as NIMRO se verslag oor winkeldiefstal, toesprake is aan lede van die publiek gelewer, lesings aan studente gegee, daar is aan radio- en televisieprogramme deelgeneem, onderhoude aan koerante is toegestaan, ens.

NIMRO voel reeds lank dat daar 'n behoefte aan 'n intensieve misdaadvoorkomingsveldtog bestaan. Tydens die vergadering van die Instituut se Uitvoerende Komitee in 1976 is dus besluit om 'n landswye misdaadvoorkomingsveldtog te loods. Generaal Du Preez, Kommissaris van Gevangenis, het ons besorgdheid oor die afmetings wat die misdaadprobleem aangeneem het onderstreep, toe hy onlangs sy jaarverslag aan die Parlement voorgelê het. Hy het, o.a. gesê: "So verreikend is die nadelige gevolge van misdaad en die koste van misdaadbestryding, dat 'n nasionale misdaadvoorkomingsveldtog dringend prioriteit moet geniet. Voorkoming van misdaad is 'n saak van soveel belang, dat dit noodaaklik is dat publieke gemeenskapsbewustheid en be-

trokkenheid by hierdie saak geprikkel moet word.” NIMRO is waarskynlik die organisasie wat in die beste posisie is om iets daadwerklik aan hierdie probleem te doen.

Ten einde ’n effektiewe en realistiese veldtog te loods, het ons gevoel dat ons inligting moes bekom van watter tipe misdaad die meeste gepleeg word, die toestande waaronder hulle gepleeg word en watter tipe persoon gewoonlik die slagoffer van misdaad is. Na besprekings met ’n aantal senior polisieoffisiere en ’n kort navorsingsondersoek van kocrantverslae, het ons tot die gevolg trekking gekom dat baie misdade weens die nalatigheid en liggetrouwheid van die slagoffer gepleeg word. Dit het vir ons duidelik geword dat baie misdade voorkom kan word deur geleenthede daarvoor tot ’n minimum te beperk en deur (heel dikwels eenvoudige) voorsorgmaatreëls te tref.

NIMRO se landswye misdaadvorkomingsjaar sal hopelik die volgende projekte omvat:

- 1) ’n Intensieve deurlopende publisiteitsveldtog deur die nuusmedia — T.V., radio en die pers. Die doel daarvan sal wees om die publiek bewus te maak van misdaadvorkoming en hulle in te lig oor hoe misdaad voorkom kan word.
- 2) Publisiteitsmateriaal soos, byvoorbeeld, brosjures, pamphlette en ’n misdaadvorkomingsalmanak kan versprei word.
- 3) Misdaadvorkomingspanele kan in die stedelike gebiede gestig word, insluitende die Swart-, Kleurling- en Indiëerwoonbuurtjes. Hierdie panele, wat al vir ’n aantal jare met sukses in Engeland funksioneer, sal bestaan uit gemeenskaps-bewuste en invloedryke lede van die verskillende gemeenskappe, wat die probleme van misdaad in hul onderskeie gemeenskappe sal bespreek en praktiese veldtogene sal loods om spesifieke misdade te bestry. Dit sal bydra om gemeenskapsbewustheid aan te wakker, m.a.w. lede van die publiek sal aangemoedig word om op hul hoede te wees vir misdaad, gewillig wees om ’n aktiewe rol te speel in die bestryding en voorkoming van misdaad, en om betrokke te raak by die welsyn van die gemeenskap as ’n geheel.
- 4) Ons het ’n program oor misdaadvorkoming wat op skuifies en band vasgelê is, van ’n firma in die V.S.A. gekry. Die firma het ons verlof gegee om dit te gebruik om ons eie program uit te werk. Ook vir hierdie projek

sal ons 'n onderskrywer moet hê, maar ons reken dit sal nie té moeilik wees nie. Die idee van die projek is om die program aan gemeenskapsgroepe te vertoon en, indien ons toestemming daar toe kan verkry, ook aan skole, universiteite, ens. Dit sou ideaal wees as ons 'n skuifieprogram vir elk van die hoofbevolkingsgroepe kan laat maak, aangesien misdaadwekkende toestande van groep tot groep verskil.

- 5) Om 'n rolprent oor misdaadvorkoming te maak wat aan groepe van die publiek dwarsoor die land vertoon kan word, en miskien ook op televisie gewys kan word. Ons is van mening dat 'n rolprent wat deur 'n professionele rolprentmaatskappy vervaardig is, gewledige trefkrag sal hê. Die groot struikelblok is egter die hoë koste verbonde aan die vervaardiging daarvan. Voorlopige navrae duï daarop dat 'n professioneel-vervaardigde rolprent van 30 minute in die omtrek van R30 000 sal kos. Ons is besig om 'n onderskrywer vir hierdie projek te soek, maar was tot dusver nog nie suksesvol nie.

### **Kommissie van ondersoek na die strafstelsel**

Vir baie jare reeds het NIMRO hom op 'n verantwoordelike en konstruktiewe wyse beywer vir 'n billiker, mensliker en effektiever strafstelsel. NIMRO was dus verheug toe 'n Kommissie in September 1974 onder die leiding van regter G. Viljoen aangestel is om ondersoek in te stel na die strafstelsel van Suid-Afrika en verbeterings aan te beveel. In Februarie 1977 het die Kommissie sy Verslag ter tafel gelê. Hierdie Verslag lewer 'n baie duidelike bewys van NIMRO se invloed op verligte penologiese denke. 'n Aantal van die aanbevelings wat in NIMRO se verslag aan die Kommissie en in verskeie artikels deur NIMRO-woordvoerders vervat is, is in die Verslag van die Viljoen-kommissie opgeneem. Dit sluit o.a. in dat korttermynvonnisse ingekort word, dat regssamptenare opleiding ontvang in die oplegging van vonnisse, die gebruikmaking van nie-institutionele alternatiewe tot gevangesetting, dekriminalisasie van sekere oortredings, veral die sogenaamde 'paswette', dat verhoorafwagtendes nie in gevangenisse aangehou word nie, en nog vele meer.

Dit is duidelik dat NIMRO se voortgesette strewe na 'n verbetering van die strafstelsel — die konferensies en kongresse, die groot aantal koerant- en radio-onderhoude van sy woordvoerders, die kriminologiese artikels in professionele tydskrifte, memoranda aan Staatsdepartemente, onderhoude met senior staatsamptenare en kabinetsministers — nie te vergeefs was nie.

## **nuwe strafreg en kriminologiese tydskrif**

In November 1976 het die laaste uitgawe van NIMRO se kriminologiese tydskrif **Misdaad, Straf en Hervorming**, verskyn. Dit het saamgesmelt met 'n nuwe tydskrif wat 'n wyer veld dek, en wat deur Butterworth, in samewerking met NIMRO, uitgegee word. Hierdie tydskrif, getiteld **S.A. Tydskrif vir Strafreg en Kriminologie**, word gesamentlik geredigeer deur prof. J. H. van Rooyen, Direkteur van die Instituut vir Kriminologie aan die Universiteit van Kaapstad, en mnr. R. Graser, Nasionale Direkteur van NIMRO.

**Misdaad, Straf en Hervorming** het heelwat invloed op die gebied van strafreg uitgeoefen, soos gesien kan word uit die aanhalings in die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Strafregistsel, en uit aanhalings in verskeieregs- en kriminologiese publikasies — insluitende buitelandse publikasies soos **Documentatieblad**, die tydskrif van die Nederlandse Departement van Justisie.

NIMRO se tydskrif was die eerste kriminologiese tydskrif wat in Suid-Afrika verskyn het, en die organisasie is met reg trots daarop dat hy nog 'n belangrike diens van stapel kon stuur. Ander baanbrekersprestasies (sommige direk, ander indirek), was die daarstelling van die Prisoniersvrienddiens, stigting van arbeidsburo's, die aanstelling van proefbeamptes, en die oprigting van tehuise vir jeugdiges.

## **maatskaplike werk by nimro se takke**

Die nege takke van NIMRO het weer eens 'n besige jaar agter die rug. Die 56 maatskaplike werkers by die takke het 3 614 gevangenis- en 31 684 kantooronderhoude gevoer, 10 782 huisbesoeke afgelê en toesig gehad oor 3 265 ontslane gevangenes wat op parool vrygelaat is. Dit verteenwoordig 'n toename van 16,4% oor die vorige jaar. Die totale aantal nasorggevalle het van 5 689 tot 6 042 toegeneem, d.w.s. met 6,2%. Gesinsorg is in 2 306 gevalle gelewer — 75,5% meer as verlede jaar. Ongelukkig was net 33,81% van NIMRO se kliënte in diens, in vergelyking met 41% verlede jaar. Die agteruitgang van die ekonomiese toestand en die gevoldlike toename in werkloosheid kan moontlik 'n rede hiervoor wees. Tog was die herinhegtenisnemingsyfer feitlik dieselfde as verlede jaar: 5,52% teenoor 5,15%.

Gedurende die afgelope jaar is altesame 218 gevangenes in die sewe nasorghostelle van NIMRO gehuisves. Daar is drie hostelle vir Blanke, drie hostelle vir Kleurling- en een hostel vir Swart oud-gevangenes, met bykomende huisvesting by

verskeie sentrums. By NIMRO se Nagskuiling in Kaapstad is ook huisvesting aan gemiddeld 50 rondswerwers per nag verskaf.

Sedert 'n Nasionale Supervisor (mnr. André du Plooy) in Februarie 1976 aangestel is, het Nasionale Raad-kantoor sy supervisie van maatskaplike werk by sy nege takke verskerp.

### **instituut vir kriminologie**

In verlede jaar se Verslag het ons gemeld dat NIMRO 'n belangrike rol gespeel het by die totstandkoming van die Instituut van Kriminologie by die Universiteit van Kaapstad. Die Instituut het aan die begin van 1977 met sy werksamehede begin, en NIMRO werk steeds nou saam met die eerste Direkteur, prof. J. H. van Rooyen.

### **stigting van 'n nuwe tak by springs**

Gedurende die verslagjaar het NIMRO 'n nuwe tak by Spring geopen. Vir 'n aantal jare het NIMRO 'n gevangeneshulpkomitee daar gehad, en hierdie komitee het die koste van 'n Prisoniersvriend by die Kantoor van die Kommissaris van Bantoesake in Springs bygebring. Toe 'n Hulpsentrum in Springs geopen is, het NIMRO se Prisoniersvrienddiens oorbodig geword. Nadat ondersoek ingestel is, het dit egter duidelik geword dat daar 'n definitiewe behoeftte aan 'n volle gevangeneshulpdiens in Springs bestaan. Mnr. W. Dannheisser, NIMRO se steunpilaar in Springs, is dus gevra om voort te gaan met die stigting van 'n tak aldaar. Dit word beoog om 'n kantoor te open, 'n voltydse maatskaplike werkster aan te stel, en gereelde gevangeneshulp- en nasorgdienste voor die einde van 1977 in te stel.

### **TICRO (transkeise instituut vir misdaadvorkoming en rehabilitasie van oortreders)**

Gedurende die afgelope jaar het NIMRO voortgegaan met sy ondersteuning aan TICRO deur toesig te hou oor die maatskaplike werkster aldaar, en deur haar salaris te subsidiere. Die organisasie is stadig besig om op dreef te kom, en weens die inisiatief van 'n voormalige NIMRO-maatskaplike werker, mnr. W. Kabane, wat nou aan die Transkeise Departement van Gesondheid en Volkswelsyn verbonde is, is 'n tak in Butterworth gestig. 'n Goeie verhouding is met die Departemente van Justisie en Gevangenissopegebou, en gereelde besoeke word by die Wellington-gevangenis afgelê om onderhoude met gevangenes te voer, en hul probleme

met die interne maatskaplike werker te bespreek. Daar dit so dikwels gebeur dat NIMRO te doen kry met mans wie se gesinne in die Transkei woon, glo die Instituut dat deur TICRO te help om homself as 'n misdaadvorkomings- en nasorgorganisasie te vestig, dit van direkte belang vir die Republiek is.

## planne vir die toekoms

Sedert sy totstandkoming in 1910 — as die S.A. Gevangenes-hulpvereniging — het NIMRO steeds gestreef om bestaande, sowel as ontwikkelende probleme in die gemeenskap die hoof te bied. Die lang geskiedenis van die organisasie word gekenmerk deur die aanpassing van sy dienste by probleme in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Nie alleen het NIMRO 'n aantal noodsaklike dienste in die lewe geroep nie — sommige waarvan mettertyd deur die Staat oorgeneem is — maar die organisasie het gedurig probeer om hervormings teweeg te bring, veral van die strafregstelsel.

'n Belangrike voorbeeld van beplanning om die toenemende probleme van die gemeenskap die hoof te bied, is NIMRO se beplande misdaadvorkomingsjaar gedurende 1978. Reeds voor 1970 was NIMRO daarvan bewus dat die misdaadprobleem besig was om al groter afmetings aan te neem. Gevolglik het die organisasie besluit om sy werksaamhede 'n nuwe aanslag te gee en om sy naam te verander om beter by sy doelwitte aan te pas. In 1970 is die naam van die organisasie dus verander van Maatskaplike Dienste-vereniging na NIMRO. By die Jaarvergadering van die Uitvoerende Komitee in Oktober 1976 is besluit om 'n landswye misdaadvorkomingsveldtog gedurende 1979 te reël. 'n Paar maande later het die Kommissaris van Gevangenis in sy Jaarverslag verklaar dat daar 'n dringende behoefté vir so 'n veldtog bestaan.

NIMRO word alhoemeer daarvan bewus dat dit nie genoeg is om hom feitlik uitsluitlik daarop toe te lê om die individuele oortreder te rehabiliteer nie — sodat hy hom kan aanpas by 'n gemeenskap wat, weens sy aard, maatskaplike ontwrigting en afwykende gedrag in die hand werk. Terwille hiervan wy sommige van NIMRO se takke reeds 'n gedeelte van hul bronne en werksaamhede aan groepwerk en gemeenskapsorganisasie. Tot dusver was 'n groot struikelblok om hierdie dienste verder uit te brei die feit dat staatsubsidies tot gevallewerkposte beperk is, en dat groepwerk- en gemeenskapsorganisasieposte nie deur die Staat gedek word nie.

Planne vir die toekoms sal by die komende Tweejaarlikse Vergadering van Nasionale Raad bespreek word. Die organisasie sal ook bepaal of dit 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die herinskakeling van die oortreder by die gemeenskap en die voorkoming van misdaad.

## finansies en fondsinsameling

NIMRO het 'n milde bydrae van R7 146 van die Springbok Radio Kersfonds ontvang, wat aan sy takkantore uitgedeel is. Toelaes en skenkings ter waarde van R40 799 (dit sluit donasies aan die Ontwikkelingsfonds in) is uit verskeie oorde ontvang, waaronder die hoofkantore van banke, bougenootskappe, sake- en industriële ondernemings, mynmaatskappye, trustfondse, vroue-organisasies, ontspanningsklubs en individuele skenkings ingesluit is. NIMRO is dankbaar vir hierdie wonderlike ondersteuning.

Ons wil in besonder ons dank betuig teenoor die Sunday Times se Nasionale Welsynsfonds vir die uitstekende bydrae van R75 444 wat NIMRO in staat stel om gelyke salarisso aan al sy maatskaplike werkers te betaal. Die Instituut is dankbaar vir die groot donasies van R10 000 van Rapport en R5 000 van die Cape Argus.

NIMRO wil ook graag die onderstaande munisipaliteite vir hulle ondersteuning bedank. 'n Groot aantal straatkollektes is toegestaan, wat 'n totale bedrag van R2 204 ten gevolg gehad het. NIMRO is inderdaad dankbaar teenoor diegene wat hiertoe meegehelp het — alle organiseerders, kollektante en hul helpers, asook diegene wat uit openbare fondse skenkings gemaak het.

## lys van munisipaliteite

Aliwal-Noord	Indwe	Scottburg
Benoni	Ixopo	Steynsrust
Bethlehem	Kakamas	Stilfontein
Bronkhorstspruit	Lady Grey	Swartruggens
Carletonville	Lichtenburg	Touwsrivier
Douglas	Leeudoringstad	Ugie
Dundee	MacLear	Uitenhage
Eshowe	Middelburg, K.P.	Umzinto-Noord
Fort Beaufort	Mtubatuba	Virginia
George	Nigel	Vryburg
Graaff-Reinet	Orkney	Warrenton
Grahamstad	Pinetown	Wesselbron
Heilbron	Randfontein	Westonaria
Henneman	Rustenburg	Wittrivier
Humansdorp	Sasolburg	:

**NIMRO REHABILITASIEDIENSTE AAN ONTSLANE GEVANGENES  
EN AAN GESINNE VAN GEVANGENES — JAAR GEËINDIG  
31 MAART 1977**

Aantal kantooronderhoude . . . . .	31 684
Aantal gevangenisonderhoude . . . . .	3 614
Aantal huisbesoeke . . . . .	10 782
Werkverskaf . . . . .	5 473
Huisvesting verskaf . . . . .	1 804
<b>Verslae (Insluitende o.a. agtergrondverslae oor gevangenes, paroolsupervisieverslae, gesinsrekonstruksieverslae)</b>	<b>4 599</b>
<b>Toesig en hulp</b>	
Ontslane gevangenes onder parooltoesig . . . . .	3 265
Oortreders onder opgeskorte vonnis . . . . .	170
Onvoorwaardelik ontslane gevangenes wat aandag ontvang het . . . . .	2 602
Hulp aan gesinne van gevangenes . . . . .	3 206
Ander gevalle . . . . .	122
<b>Totale aantal gevalle wat hulp ontvang het . . . . .</b>	<b>9 365</b>
<b>Nasorgresultate</b>	
Werk gereeld: 2 043 (33,81%)	
Werkloos op 31/3/77: 1 245 (20,61%)	
Kontak verbreek: 2 207 (36,53%)	
Weer skuldig bevind: 334 (5,53%)	
Verhoorafwagting op 31/3/77: 213 (3,54%)	

## ERFLATINGS

NIMRO is reeds verskeie kere in boedels bevoordeel, wat bygedra het tot die Instituut se miskaadvoorkomings- en rehabiliterasiewerk onder alle rassegroepe in die Republiek.

'n Beroep word op alle persone, wat hierdie vorm lees, gedoen om ernstige porweging te skeuk aan soortgelyke hulpverlening aan NIMRO.

Daar word aan die hand gedoen dat die volgende vorm by u testament aangeheg word indien u NIMRO by wyse van erflatings wil bevoordeel:

### VORM VAN ERFLATING

"Hiermee gee en bemaak ek aan die NASIONALE INSTITUUT  
INSAKE MISDAADVOORKOMING EN REHABILITASIE  
VAN OORTREDERS, Posbus 10005, Kaapstad, die som van  
R..... om aangewend te word, na goeddunke van die  
Instituut, ten uitvoering van enige van sy doelstellings en  
aktiwiteite."

**NASIONALE INSTITUUT INSAKE MISDAADVOORKOMING EN  
REHABILITASIE VAN OORTREDERS (Welsynorganisasienommer 313)**  
**NASIONALE RAAD**

**BALANSSTAAT OP 31 MAART 1977**

Fondse aangewend:		1976
<b>ALGEMENE EN ONTWIKKELINGS-</b>		
<b>FONDS (Nota 2)</b>	<b>257 600,05</b>	<b>357</b>
<b>SPESIALE FONDSE (Notas 1 en 2)</b>		
Diamant Jubileumfonds . . . . .	201 643	
Springbok Radio Kersfeesfonds . . . . .	9 226	
Ontwikkelingsfonds . . . . .	3 700	
	—	214 569
<b>TRUSTFONDS</b>		
H. P. Smith-bemaking . . . . .	—	2 537
	<b>R257 600,05</b>	<b>R217 463</b>
Soos volg aangewend:		
<b>VASTE BATES (Nota 3)</b>	<b>2 404,36</b>	<b>2 617</b>
<b>BELEGGINGS</b>		
Vaste depositos . . . . .	203 800,00	179 800
Spaarekening . . . . .	27 805,85	10 022
Skuldbrieve . . . . .	20 000,00	20 000
Opgehopte rente . . . . .	2 314,02	2 958
	—	212 780
<b>LOPENDE BATES</b>		
Kontant . . . . .	50,00	255
Diverse debiteure en bedrae ver- skuldig deur takke . . . . .	24 281,84	21 158
Voorraad boeke . . . . .	1 600,00	—
	—	21 413
<b>LOPENDE LASTE</b>		
Bank-oortrekking . . . . .	3 544,06	—
Diverse krediteure . . . . .	21 111,96	19 347
	—	19 347
<b>NETTO LOPENDE BATES</b>	<b>1 275,82</b>	<b>2 066</b>
	<b>R257 600,05</b>	<b>R217 463</b>

**LET WEL:** Hierdie balansstaat sluit nie enige bates en laste wat in die rekeninge van die takke behandel word, in nie.

Geteken namens Nasionale Raad

M. E. Kumleben

Nasionale Voorsitter

M. Morris

Lid vir Finansies

**Verslag van die Ouditeure**

1 Augustus 1977

Die finansiële state van die Nasionale Raad van die Nasionale Instituut insake Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders, soos uiteengesit op bladsye 12 - 14 is in ooreenstemming met die onderliggende boeke en rekords. Volgens ons mening gee die genoemde finansiële state 'n redelike beeld van die sake van die Nasionale Raad op 31 Maart 1977 en van die inkomste en uitgawe vir die jaar geëindig op daardie datum.

Arthur Young & Kie  
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

**NASIONALE INSTITUUT INSAKE MISDAADVOORKOMING EN  
REHABILITASIE VAN OORTREDERS (Welsynorganisasienommer 313)**

**NASIONALE RAAD**

**INKOMSTE STAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 1977**

<b>INKOMSTE</b>		<b>1976</b>	
Diens-geskenkwinkels	1 000,00		960
Staatstoelaes			
Departement van Volkswelsyn en Pensioene . . . . .	93 179,45	109 077	
Departement van Bantoe Administrasie . . . . .	30 725,85	—	
Departement van Indiërsake . . . . .	5 740,00	4 945	
Departement van Kleurlingsake . . . . .	22 917,92	18 180	
	<u>152 563,22</u>	<u>132 202</u>	
Inkomste ontvang van takke . . . . .	—	3 525	
Min betalings aan takke . . . . .	—	3 525	
Rente . . . . .	19 103,01		23 763
Erfatings en skenkings			
Springbok Radio Kersfeesfonds . . . . .	7 146,91	6 921	
Radio Bantoe Kersfeesfonds . . . . .	—	4 000	
Rapport Hulpfonds . . . . .	10 000,00	25 000	
Ander . . . . .	25 303,45	31 380	
Vir gelykmaking van salarisse en spesiale projekte			
Sunday Times se Nasionale Welsyn-FUND . . . . .	75 444,20	65 830	
Ander . . . . .	22 700,00	—	
	<u>98 144,20</u>	<u>65 830</u>	
Ander inkomste . . . . .	140 594,56		133 131
Vergoeding van regskoste . . . . .	2 310,36		2 649
	<u>922,69</u>	<u>—</u>	
	<u>316 493,84</u>	<u>292 705</u>	
<b>UITGawe</b>			
Advertensies . . . . .	299,40	1 119	
Ouditeursfooi . . . . .	475,00	488	
Bankkoste . . . . .	20,38	11	
Bantoeheffing . . . . .	19,25	—	
Beurse . . . . .	775,25	230	
Kongres-uitgawes . . . . .	—	2 095	
Kriminologiese biblioteek . . . . .	290,52	593	
Waardevermindering van kantoor-meubels en toerusting . . . . .	267,15	291	
<b>Skenkings</b>			
Instituut van Kriminologie, Kaapstad Universiteit, in terme van ooreenkoms met donateur . . . . .	—	50 000	
UNISA . . . . .	—	3 000	
Films . . . . .	—	724	
Fondsin samelingskoste . . . . .	1 301,59	—	
Oorgedra . . . . .	R3 448,54	R316 493,84	R58 551
			R292 705

**NASIONALE INSTITUUT INSAKE MISDAADVOORKOMING EN  
REHABILITASIE VAN OORTREDERS (Welsynorganisasienommer 313)**

**NASIONALE RAAD**

**INKOMSTE STAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 1977 (Vervolg)**

	R3 448,54	R316 493,84	R58 551	R292 705
Oorgebring . . . . .				
Algemene Vergaderings				
Jaarvergadering . . . . .	1 811,81		3 271	
Bantoe . . . . .	—		945	
Kleurling . . . . .	—		681	
Indiërs . . . . .	—		83	
Honorarium . . . . .	—		50	
Versekeringskoste . . . . .	146,63		134	
Regskoste . . . . .	—		1 076	
Ledegelede en subskripsie . . . . .	279,33		217	
Kantoorhuur en diens . . . . .	2 734,09		2 161	
Betalings aan takke . . . . .				
Algemeen . . . . .	23 740,00		34 810	
Vakansiegeld . . . . .	6 347,44		5 541	
Personeleeltoelaes (insluitend R24 245,48 vir gelyk- making van salarisse (1976 — R22 809)) . . . . .	173 574,60		140 486	
Drukkoste . . . . .				
"Children on Trial"			1 248	
Misdaadvoorkomingsgids . . . . .	322,00		615	
Tydskrif . . . . .	2 812,06		4 909	
Ander . . . . .	4 676,44		3 858	
Koerantultknipsels . . . . .	—		20	
Posgeld . . . . .	678,09		891	
Publikasies . . . . .	192,05		29	
Navorsingsprojek . . . . .	—		38	
Herstel en onderhoudskoste van kan- toortoerusting . . . . .	174,41		198	
Salarisse, lone, pensioenfonds en iniediese-hulp bydraes . . . . .	42 097,20		35 816	
Salarisse — vakansiegeld . . . . .	601,86		625	
Salarisse — navorsing . . . . .	981,00		3 141	
Skryfbefoefetes . . . . .	1 029,90		1 943	
Diverse vir tydskrif . . . . .	152,40		25	
Van stapel stuur van TIMRO . . . . .	—		300	
Toelae aan TIMRO . . . . .	3 335,00		580	
Telefoon . . . . .	1 895,93		1 522	
Reis- en onderhoudskoste . . . . .				
Nasionale Raad-personeel . . . . .	5 255,11		3 035	
Nasionale Raadslede . . . . .	71,24		705	
	276 357,13		307 504	
<b>OORSKOT/(TEKORT)</b>		<b>R 40 136,71</b>		<b>R(14 799)</b>
<b>Soos volg saamgestel</b>				
Balans van fondse ingesamel vir ge- lykmaking van salarisse en spesiale projekte soos hierbo . . . . .	98 144,20		65 830	
Min betalings soos hierbo . . . . .	24 245,48		22 809	
	73 898,72		43 021	
Ander (tekort) . . . . .	(33 762,01)		(57 820)	
Oorgedra na algemene ontwikkel- ingsfonds . . . . .		<b>R 40 136,71</b>		<b>R(14 799)</b>

**NASIONALE INSTITUUT INSAKE MISDAADVOORKOMING EN  
REHABILITASIE VAN OORTREDERS (Welsynorganisasienommer 313)**

**NASIONALE RAAD**

**NOTAS TOT DIE FINANSIELLE STATE OP 31 MAART 1977**

**1. REKENKUNDIGE BELEID**

Die volgende hoof rekenkundige beleid is aangeneem.

**SPECIALE FONDSE**

Alle spesiale fondse is oorgedra na 'n algemene en ontwikkelingsfonds vanaf 1 April 1976.

Alle inkomste en uitgawes verbonde aan die bestaande fondse word behandel deur die inkomstestaat. Die vergelykende syfers is daarvolgens reggestel.

**2. ALGEMENE- EN ONTWIKKELINGSFONDS**

1976

Saldo aan begin van jaar . . . . .	357,41	442
Rapport Hulpfonds . . . . .	25 000	
Min oorbetaling aan takke . . . . .	11 500	
	—	
	—	13 500
Oorgeplaas vanaf Spesiale Fondse (Nota 1)	357,41	13 942
Diamant Jubileumfonds . . . . .	201 643,41	
Ontwikkelingsfonds . . . . .	3 700,00	
Springbok Radio Kersfeefsonds . . . . .	9 225,71	
H. P. Smich-bemaking . . . . .	2 536,81	
	—	
	217 105,93	
	217 463,34	13 942
Bedrag oorgedra vanaf inkomstestaat		
Aansuiwing ten opsigte van ver-		
andering in rekenkundige beleid		
	—	1 214
	—	
	40 136,71	(14 799)
	—	
	40 136,71	(13 585)
	R 257 600,05	R 357
	—	

**3. VASTE BATES**

Kantoormeubels en toerusting		
Saldo aan begin van jaar . . . . .	2 617,26	2 655
Toevoegings . . . . .	54,25	253
	—	
Min waardevermindering vir die jaar	2 671,51	2 908
	267,15	291
Saldo aan einde van jaar . . . . .	R 2 404,36	R 2 617
	—	

**NATIONAL INSTITUTE FOR CRIME PREVENTION AND REHABILITATION OF OFFENDERS**  
**NASIONALE INSTITUUT INSAKE MISDAADVOORKOMING EN REHABILITASIE VAN OORTREDERS**

**BOARD OF SPONSORS**  
**RAAD VAN BESKERMHERE**

Sy Ed, regter G. A. Coetzee, Hooggergshof, Johannesburg.	Sy Ed, regter J. F. Marais, Hooggergshof, Pretoria.	Prof. J. J. de Villiers, Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Stellenbosch.	Prof. P. J. van der Walt, Departement Kriminologie, Universiteit van Suid-Afrika.	Mr. J. Garlick, Chairman and Managing Director, Garlicks Ltd., Cape Town.	Mr. D. Shaw, Q.C., Chairman, General Council of the Bar of South Africa, Durban.
The Hon. Mr. Justice G. Colman, Supreme Court, Johannesburg.	The Hon. Mr. Justice S. Miller, Supreme Court, Pietermaritzburg.	Prof. B. Helm, Department of Social Work, University of Cape Town.	Prof. H. Venter, Departement Kriminologie, Universiteit van Pretoria.	Mr. R. Goss, Group Managing Director, S.A. Breweries Ltd., Johannesburg.	Mr. L. E. A. Slater, Managing Director, Argus Printing and Publishing Co. Ltd., Johannesburg.
The Hon. Mr. Justice M. M. Corbett, Court of Appeal, Bloemfontein.	The Hon. Mr. Justice N. C. Nicholas, Supreme Court, Johannesburg.	Prof. E. Kahn, School of Law, University of the Witwatersrand.	Mr. M. E. Goodhead, Durban.	Mr. B. E. Hersov, Chairman and Managing Director, Anglo-Transvaal Consolidated Investment Co. Ltd., Johannesburg.	Miss L. M. Slater, Port Elizabeth.
Sy Ed, regter J. N. C. de Villiers, Regter-President, Bloemfontein.	Sy Ed, regter F. Smuts, Hooggergshof, Bloemfontein.	Prof. I. Leeman, Faculty of Law, University of Cape Town.	Mnr. B. P. Loots, Streeklanddros – Port Elizabeth.	Mr. I. Lasarow, Sales Director, Associated Furniture Companies Ltd., Johannesburg.	Mr. F. J. Tayler, Westville.
Sy Ed, regter J. P. G. Eksteen, Hooggergshof, Grahamstad.	Sy Ed, regter J. J. Trengrove, Hooggergshof, Pretoria.	Prof. A. S. Mathews, Faculty of Law, University of Natal.	Mnr. J. W. van Greunen, Somerset-Wes	Mr. A. Louw, Chairman, Gold Fields of S.A. Ltd., Johannesburg.	Mr. P. H. Tebbutt, Managing Director, Syfrets and Executor (S.A.) Ltd., Cape Town.
Sy Ed, regter C. F. Eloff Hooggergshof, Pretoria.	The Hon. Mr. Justice L. de V. van Winsen, Supreme Court, Cape Town.	Prof. C. Muller, School of Social Work, University of the Witwatersrand.	Mr. C. S. Barlow, Chairman, Barlow Rand Limited, Johannesburg.	Mr. H. W. Middelmann, Chairman, Cape Board, Standard Bank of S.A. Ltd., Cape Town.	Mr. D. F. Valentine, Secretary, U.D.C. Bank Ltd., Johannesburg.
The Hon. Mr. Justice O. Galgut, 81a Van Vuou Street, Groenkloof, Pretoria.	Sy Ed, regter J. W. van Zijl, Regter-President, Kaapstad.	Prof. M. A. Rabie, Departement Regte, Universiteit van Stellenbosch	Mr. W. F. Beck, Chairman, Mobil Oil S.A. (Pty) Ltd., Cape Town.	Mr. P. L. Campbell, Financial Director, Metal Box Co. of S.A. Ltd., Johannesburg.	Dr. A. J. J. Wessels, Voorsitter, Toyota Suid-Afrika Beperk, Johannesburg.
Sy Ed, regter V. G. Hiemstra, Hooggergshof, Pretoria.	Prof. A. C. Cilliers, Regsfakultet, Universiteit van Port Elizabeth.	Prof. F. C. Shaw, Department of Social Work, University of Natal.	Mr. P. Cronje, Managing Director, Cape Portland Cement Co. Ltd., Cape Town.	Mr. J. Mervis, Johannesburg.	Mr. O. D. Hart, President, Association of Law Societies of the Republic of S.A., Pietermaritzburg.
Sy Ed, regter G. G. Hoexter, Hooggergshof, Pietermaritzburg.	Prof. S. P. Cilliers, Departement Sosiologie, Universiteit van Stellenbosch	Prof. S. A. Strauss, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van Suid-Afrika.	Dr. E. Theron, Stellenbosch.	Mr. H. Oppenheimer, Chairman, Anglo-American Corporation of S.A. Ltd., Johannesburg.	
Sy Ed, regter G. P. C. Kotzé, Hooggergshof, Grahamstad.					



**END**